# Suidwes-Kaap

## ‘n Naweek in Beeld:

40

SAWA Suidwes-Kaap 2010

## Ou Skip — 14 tot 16 Januarie 2011: Vrugtekamp



Terwyl die res van die land die afgelope week nog baie reën gekry het, het die Kaap erge winde ervaar. Terwyl ons in ‘n sterk wind opgeslaan het, het die naweek gou verander in een van die mooi naweke wat die Kapenaars laat besef waarom dit die mooiste Kaap genoem word. Ons het werklik pragweer ervaar.




Ons kampleier het met ‘n plan gewerk... Gerrit en Ilona Bruwer is sekerlik deur Freddie Truter beïnvloed met die “privaat” teken. Alles in ‘n goeie gees.



Gerrit en Ilona Bruwer besig om die naweek se administrasie te behartig. Hier betaal Anina en Peter Hardcastle in terwyl oom Frans Reinke toekyk.

Redakteur: Niël Goslett - Tel: 0833057366. E-pos: dgoslett@csir.co.za

# Saterdag



Die Loeries het vroeg Saterdag hul jaar se aktiwiteite afgeskop met 'n beplanningsvergadering.



Oom Hans en tannie Tienie vier hul 56ste huweliksherdenking saam met hul SAWA vriende. Oom Hans het 'n piesang en die tannie 'n sluier gekry.



Oom Dave Griessel—die senior verteenwoordiger, wens hier die twee geluk met die mooi mylpaal.



Ou bekendes kom kuier—oom Fred en tannie Daleen van der Mescht het 'n lekker dag saam met die bekendes van Suidwes-Kaap deurgebring.






Ek het mos genoem dit was 'n mooi naweek... Voor die vrugtefees is die mooiweer behoorlik benut. Sommige swem, terwyl Wagter aandag kry op die strand.

Foto's deur Niël Goslett tensy anders vermeld.






Anton Augustyn, Paul Steyn, Dennis Mitchell en Johan Oosthuizen besig om die fietshindernis te ry. Hierdie nuwe byvoeging tot die vrugtekamp is goed deur die lede ervaar. Dit mag dalk net ‘n instelling raak.






Nelius Louw neem die hindernis baan met hom saam terwyl Ilona Bruwer, Yolinda Bestbier en Erica Bruwer hul nommers ook probeer tem. Foto 1 en 3 deur Deon Toerien.





Dit lyk of Larissa van der Westhuizen, Louise Mitchell, Isabel Steyn en Hendriena Oosthuizen die vrugte oppas terwyl Pieter Henning (jr) en Bianca Bruwer die baan probeer bemeester. Foto 2 en 3 deur Deon Toerien.





Juan van der Westhuizen mik om sy sakkie deur die wiel tot in die sirkel te gooi terwyl Petrus Theron die bottle-wissel geniet. Mia Louw gee ‘n nuwe en goeie betekenis aan groepdeelname. Foto 1, 2 en 3 deur Deon Toerien.






Yolinda Bestbier dra swaar aan die waatlemoen vir die fees terwyl sussie Tomé en Tiaan Louw aan hul vrugteroomys smul. Nelius Louw voer vir Freddie Truter—dé, eet solank van die druiwe... Foto 1 en 4 deur Deon Toerien.







Oom Barend Hagen breek die lekker uit die waatlemoen. Die kinders kon nie wag om te begin eet nie. Die eers ordelike eet-fees het baie gou in ’n smeer en water-fees ontaard. Sommer gou was Karin Augustyn sopnat terwyl Petrus en Pieter Henning besig is met die smeer-strategie. Tannie Sippie Henning is die smeer gespaar en kon rustig die stroopsoet waatlemoen geniet. Foto 4 deur Deon Toerien.




Enya Keller, Yolinda Bestbier en Kristie Goslett het mekaar behoorlik besmeer. Op die tweede foto is Larissa van der Westhuizen ook besig om haar ammunisie aan te vul vir die volgende smeerslag.

# Toekennings



Nuwe lede! Freddie en Joanita Toerien word deur Pieter Henning en Johan Oosthuizen welkom geheet.



Anina en Peter Hardcastle—Nasionale meriete asook Foto van die Jaar: Eervolle vermelding.



Dries en Belinda Erasmus—Verdienste.



Herman en Marieta Gerber—Nasionale meriete: 25 jaar lidmaatskap.



Johan Oosthuizen saam met Juan en Christina van der Westhuizen—10 Streek.



Pieter en Sonja Bantjes—Verdienste.



Floris en Rosemary Conradie—5 in ‘n ry.



Tommie en Yolanda Bestbier—10 Streek.



Nelius, Mia, Anché en Tiaan Louw—20 Streek.



Oom Sparus en tannie Neel Nigrini—60 Streek.



John en Engela McDonald—200 Algemeen.



Dennis en Louise Mitchell—230 Streek.



Gerrit en Ilona Bruwer—Kampleiers vir die Vrugtekamp.



Engela en John McDonald en Ohna Oosthuizen kry ‘n spesiale swartplaatjie.